GEDRAGSKODE VIR LEERDERS : LANDBOUDAL

1. INLEIDING

1.1 Hierdie gedragskode het die volgende wette as basis:

- Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84/1996
- Die Grondwet van die RSA, 108/1996
- Die Vrystaat Provinsiale Onderwyswet

1.2 Hierdie Gedragskode is nie op straf en strafstelsels ingestel nie, maar eerder op norme en beginsels. Dit is veral gerig op positiewe skolierskap en die nastreef van hoë morele waardes; daarom word dit van alle belanghebbendes verwag om hulle te verbind tot die positiewe uitleef van die waardes in die Gedragskode vervat.

2. DOELSTELLINGS

2.1 Die doel van die gedragskode is om ‘n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing, wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die leerproses en -klimaat, te vestig. Die gedragskode wil dus:

- positiewe dissipline bevorder;
- leerders aanmoedig om selfdissipline aan te leer;
- voorbeeldige gedrag vestig as deel van die trots en tradisie van die skool;
- ‘n stel morele waardes, norms en beginsels daarstel wat die skoolgemeenskap in stand moet hou;
- leerders inlig met betrekking tot die wyse waarop hulle hulle moet gedra of optree;
- leerders inlig oor die implikasies en gevolge van hulle optrede.

2.2 Die Gedragskode erken die regte van die leerder soos vervat in die Grondwet van die RSA. Die volgende beginsels is veral ter sake:

- Elke leerder het die reg op ‘n regverdige verhoor.
- Elke leerder het die reg om deel te neem aan besluitneming aangaande sake wat hom/haar aangaan, asook dat na hulle menings oor sodanige sake geluister sal word.
- Elke leerling het die reg tot nie-diskriminasie en gelykheid voor die wet.

- Elke leerder het die reg tot vryheid van uitdrukking, mits dit nie die volgende aantas nie:

- wedersydse respek vir mekaar
- respek vir die etos van die skool
- die waardegedrewe karakter van hierdie skool
- die ordelike en gedissiplineerde werksaamhede van die skool
- die regte van ander leerders, opvoeders of werkers

- Leerders het die reg op ‘n skoon en veilige omgewing wat bevorderlik is vir onderwys.

- Dit is die leerder se reg én voorreg om alle klasse by te woon. ‘n Oortreding van die Gedragskode kan egter lei tot die verbeuring van hierdie voorreg.

- Leerders kan van opvoeders verwag om ‘n hoë standaard van professionele etiek te handhaaf en om teenwoordig te wees om hulle klasse te onderrig. ‘n Verhouding van wedersydse respek en vertroue tussen leerders en opvoeders moet nagestreef word.

2.3 In die beoefening van sy regte vereis die Gedragskode egter van elke leerder om:

- die regte van ander individue en van die groep hoër te ag as sy eie;

- sy pligte teenoor sy skool as opvoedkundige instelling na te kom;

2.3.3 niks te doen wat die goeie naam van die skool kan skade berokken nie;

- die belange van die skool as ‘n eerste prioriteit te stel;

- sodanig op te tree dat hoë gehalte onderwys ononderbroke aan alle leerders voorsien kan word;

- ‘n kultuur van verdraagsaamheid en vrede in die skool te vestig, te handhaaf en te respekteer, en

- die opvoedkundige beginsels van die skool te respekteer.

3. WETLIKE BEVOEGDHEID VIR BEHEER EN DISSIPLINE

3.1 Volgens die S A Skolewet (84/96) het die beheerliggaam die mag om dissipline in die skool te handhaaf.

3.2 Die beheerliggaam van die Hoër Landbouskool Jacobsdal oefen hierdie mag uit binne die eise wat algemeen geld in die waardegedrewe opvoedingsfilosofie.

3.3 Leerders is verplig om gehoor te gee aan hierdie gedragskode. Indien die leerder die gedragskode verbreek, kan optrede teen hom/haar verwag word.

3.4 Niks stel die leerder daarvan vry om gehoor te gee aan die gedragskode van hierdie skool nie.

3.5 Ingevolge hierdie gedragskode het elke opvoeder verbonde aan hierdie skool die reg om die leerder te beheer en te dissiplineer gdurende enige skool- of skoolverwante aktiwiteit.

3.6 Hierdie gedragskode verleen aan die skoohoof of enige opvoeder die bevoegdheid om, waar daar redelike vermoede en voldoende inligting bestaan, enige leerder of sy eiendom te laat deursoek vir ongewenste items. Die volgende wette is hier van toepassing:

- Wet op die Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie (53/1985).
- Wet op Dwelms en Dwelmhandel (140/1992)

4. PLIGTE VAN DIE LEERDER

4.1 Elke leerder wat aansoek om toelating tot hierdie skool doen, moet voor toelating die gedragskode bestudeer en die induksieblad onderskryf.

4.2 'n Leerder word verplig om te voldoen aan die vereistes van die gedragskode.

4.3 'n Leerder moet sy onderwyser as opvoeder respekteer.

4.4 'n Leerder is verplig tot heelhartige samewerking in alle redelike en billike opdragte wat van die opvoeders ontvang word.

4.5 'n Leerder moet te alle tye, ook ná skoolure, hoflik en met respek optree teenoor sy opvoeders, die nie-opvoeders van die skool, besoekers asook die ouerkorps van die skool.

4.6 'n Leerder moet mense se andersheid respekteer en altyd so optree dat dit ander se menswaardigheid bevorder/versterk.

4.7 Alle leerders is individueel en gesamentlik verantwoordelik vir die waardering, bewaring en instandhouding van die skool se fisiese fasiliteite.

4.8 'n Leerder moet sy ouers aanmoedig om skoolgeld te betaal en om skoolaktiwiteite te ondersteun.

4.9 'n Leerder moet hom neerlê by die skool se reëls.

4.10 'n Leerder aanvaar die gesag van persone in bevel van orde en dissipline in die skool en sal hom by oortreding aan toepaslike strawwe onderwerp.

4.11 Van leerders word verwag om betrokke te wees by en indien moontlik, deel te neem aan die buitekurrikulêre program van die skool.

4.12 'n Leerder onderneem om hom ook by buitekurrikulêre geleenthede te onderwerp aan die skoolreëls.

4.13 Elke leerder moet die skool se kleredragreëls nakom tot uitbouing van die positiewe beeld van die skool.

4.14 Elke leerder aanvaar die beginsel van uniforme skooldrag en onderneem om die voorskrifte van persoonlike voorkoms na te kom.

4.15 ‘n Leerder moet die simbole van die skool respekteer en daadwerklik bevorder.

4.16 Voorskrifte rakende klaswisseling, klaskamerreëls, die gebruik van laboratoria, werkswinkels, ens., moet in alle opsigte nagekom word.

4.17 ‘n Leerder mag nie ‘n ander persoon se veiligheid in gevaar stel of bedreig nie.

4.18 Ten opsigte van klaskamerpraktyk moet die leerder:

- positief aan klasaktiwiteite deelneem;
- nie ontwrigtend op die onderrigproses inwerk nie;
- huiswerk netjies en getrou doen;
- pligsgetrou en deeglik vir evalueringsgeleenthede voorberei; en
- honderd persent eerlik wees tydens evaluering en die doen van huiswerk en nie verdra dat ander leerders oneerlik optree nie.

4.19 Leerders moet altyd die belange van die skool vooropstel en nie persoonlike begunstiging of bevoordeling soek nie.

4.20 Leerders moet deurlopend daarna streef om die skool se etos te bewaar en te versterk.

4.21 ‘n Leerder moet altyd vir volwassenes opstaan en vriendelik groet ten einde sy respek te betoon.

4.22 Gereelde skoolbywoning is verpligtend. Die ouer/wettige voog moet die leerder se afwesigheid verklaar.

4.23 Die finale verantwoordelikheid vir die gedrag van leerders berus by hulle ouers/voogde.

4.24 Dit is die plig van die leerder om altyd sodanig op te tree dat dit die skool tot eer strek, ook na skoolure.

5. SKOOLREËLS

5.1 Die doel van die skool se reëls is om:

- ‘n positiewe leeromgewing te skep en in stand te hou;
- aanvaarbare sowel as onaanvaarbare gedrag uit te spel;
- opvoedkundige doelwitte te bevorder, en
- die etos van die skool te versterk.

5.2 Geen leerder mag weier om ‘n skoolreël na te kom nie; daarom kan elke reël afgedwing word.

5.3 Die reëls van hierdie skool word vervat in die aangehegte Bylaag A tot die Gedragskode van die Hoër Landbouskool Jacobsdal.

6. DISSIPLINÊRE OPTREDE

6.1 Die doel van dissiplinêre optrede is om

- leerders tot verantwoordelike, selfstandige besluitneming op te voed, en
- ‘n sterk pligsbesef by elke leerder te kweek.

6.2 Korrektiewe maatreëls sal strenger word met verdere herhaaldelike oortredings; selfs skorsing kan volg.

6.3 Alle wangedrag, pligversuim of oortredings van enige skoolreël of hierdie gedragskode deur ‘n leerder word na die skoolhoof vir verdere optrede verwys.

6.4 Dissiplinêre optrede en straf moet in verhouding wees met die oortreding en mag nie die onderhawige wette weerspreek nie.

6.5 Alle wangedrag moet deur die skoolhoof ondersoek word. Die ondersoekprosedure geskied as volg:

- Aanmelding (skriftelik of mondeling) van die beweerde voorval/ wangedrag.
- Aanwysing deur die skoolhoof van ‘n ondersoekbeampte (wat ook hyself kan wees) vir die waarneem van die ondersoek.
- Inwin van getuies en getuienis.

- Stel van die klagte aan die leerder.

- Verduideliking aan die leerder van sy swygreg of die reg om self te getuig en/of getuies in te roep.

- Geleentheid aan die leerder om sy/haar verduideliking te gee of daarop te antwoord.

- Die inroep van getuies en die voorlê van getuienis.

- Alle getuies kan deur die ondersoekbeampte en leerder (aangeklaagde) onder gekruisvra word.

- Beslissing deur ondersoek oor die leerder se skuldig-bevinding al dan nie, aan die beweerde oortreding/wange drag.

- Oplê van straf by skuldigbevinding soos in paragraaf 7 van hier die Gedragskode uiteengesit (uitgesluit 7.13).

- In geval van 'n oortreding soos in paragraaf 8 van die gedrag-skode bedoel, moet die ondersoekbeampte / skoolhoof die leerder skriftelik in kennis stel:

- dat die aangeleentheid verwys word vir 'n tugverhoor voor die Dissiplinêre Komitee (voortaan: DK),
- van die beweerde oortreding,
- van sy/haar regte insluitende die reg op bystand en verteen-woordiging tydens die tugverhoor,
- dat skorsing en/of uitsetting 'n moontlike straf is, en

- van die datum, tyd en plek van die tugverhoor.

6.12 Die ouers van die leerder moet onverwyld van die tugverhoor in kennis gestel word.

6.13 Die skriftelike kennisgewing in paragraaf 6.5.11 bedoel moet minstens 5 (vyf) kalenderdae vóór die plaasvind van die tugverhoor aan die leerder oorhandig word.

7. STRAF

Die volgende strafmaatreëls kan oorweeg word na gelang van die oortreding:

7.1 Mondelinge en/of skriftelike waarskuwings.
7.2 Skoolwerk (na-ure) onder toesighouding.
7.3 Die uitvoer van na-uurse take.
7.4 Skadevergoeding.
7.5 Vervanging van beskadigde eiendom.
7.6 Boetes.
7.7 Skorsing uit sekere skoolaktiwiteite.
7.8 Die wegneem van bepaalde voorregte.
7.9 Die ontneem van die voorreg van koshuisinwoning vir 'n bepaalde of onbepaalde tydperk.
7.10 Dienslewering aan die skool.
7.11 Verwysing na die opvoedkundige hulpdienste in ernstige gevalle, en/of
7.12 Enige billike en regverdige straf in oorleg met die leerder en/of sy/haar ouers.
7.13 Skorsing of uitsetting.
7.14 Detensie

8. SKORSING EN UITSETTING

Die volgende oortredings kan tot skorsing en/of uitsetting lei:
(Skorsing = een skoolweek. Uitsetting = permanente skorsing) vir buiteskoolse oortreding bv. koshuis of terrein en/of vir'n skool oortreding.

8.1 Gedrag wat enige leerder of ander persoon op die perseel van die skool se regte skend, of hulle, of sy eie, veiligheid bedreig.
8.2 Die besit, 'n dreigement met, of die gebruik van, 'n gevaarlike wapen.
8.3 Die besit, gebruik, misbruik, oorhandiging, verskaffing of sigbare bewyse van dwelms of ongemagtigde middels, alkohol of ander bedwelmende middels.
8.4 Gevegte, aanranding of mishandeling.
8.5 Immorele gedrag of Godslastering.
8.6 Skadelike graffiti, haattaal en rassisme.
8.7 Diefstal of die besit van gesteelde eiendom.
8.8 Vandalisme of die beskadiging van skooleiendom.
8.9 Oneerbiedigheid, afkeuringswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders, nie-opvoeders of leerders gerig is.
8.10 Herhaaldelike skending van skoolreëls of die gedragskode.
8.11 Kriminele gedrag.

8.12 Verontregting, afknouery en intimidering van ander leerders.
8.13 Oortreding van eksamenreëls.
8.14 Die opsetlike verskaffing van valse inligting.
8.15 Die vervalsing van dokumentasie.

9. PROSEDURE

9.1 Besluite wat tot skorsing lei, moet die toepaslike wette in ag neem.
9.2 'n Billike verhoor moet skorsing vooraf gaan.
9.3 'n Tugverhoor vind plaas volgens dieselfde prosedures as in paragraaf 6.5 hierbo uiteengesit. Die tugverhoor word waargeneem deur die DK.
9.4 Die Beheerliggaam mag 'n leerder vir hoogstens een week skors. Permanente skorsing (=uitsetting) uit die skool geskied deur die Departementshoof (Vrystaat Onderwysdepartement). Appél teen enige skorsing of uitsetting geskied volgens die bepalings van die S A Skolewet 84/1996.

10. VERHOOR EN APPÉL

10.1 Die Dissiplinêre Komitee bestaan uit minstens drie (3) lede saamgestel deur die

Beheerliggaam uit:

- minstens twee lede van die Beheerliggaam waarvan een lid optree as voorsimtter van die Dissiplinêre Komitee
- 'n gekoöpteerde lid/lede waarvan minstens een (1) oor regskennis beskik

10.2 Die Appélkomitee word deur die Beheerliggaam saamgestel en bestaan uit:

- drie (3) lede van die Beheerliggaam wat nie lede van die DK is nie, en
- 'n voorsitter wat oor regskennis beskik.

10.3 Die Appélkomitee is geregtig om:

- 'n straf te bevestig,
- 'n straf ter syde te stel, of
- 'n straf te vervang met 'n ander toepaslike straf.
- die skuldigbevinding en straf ter syde te stel en die saak terug te verwys na die DK vir herverhoor van vooraf.

10.4 Die Beheerliggaam kan enige persoon/persone soos bedoel in Artikel 23(6) of 30 (i) van die S A Skolewet, 84/1996, koöpteer vir enige dissiplinêre optrede.
10.5 Die Beheerliggaam is geregtig om tydens elke appélverhoor deur 'n regsverteenwoordiger verteenwoordig te word.